**Huiswerkvel 31 (Hoofstuk 16)**
**Leesbegrip**

# MINIATUURPERDE IS PURE PERD

Deur **Wilna de Klerk**



***Miniatuurperde is oulik. Kinders is mal oor hulle. Maar waar kom hulle vandaan? Hoe verskil hulle van hulle groot broer, die gewone perd?***

1 Miniatuurperde het ’n lang geskiedenis. Eienaars van miniatuurperde in Europa het reeds in die 14de eeu miniatuurperde begin teel as troeteldiere vir ryk mense van daardie tyd. Eugénie, die vrou van die Franse keiser, Napoleon III, het glo met so ’n miniatuurperd en ’n karretjie in Versailles *(palace in France)* rondgery. In Suid-Afrika het ons eers in 1945 met miniatuurperdjies kennis gemaak toe Wynand de Wet in die Vrystaat met hulle begin teel *(breed)* het.

2 Miniatuurperde was nie altyd maar net troeteldiere nie. Hulle het ook ander funksies gehad, net soos vandag nog. Mense het gou uitgevind dat miniatuurperde as trekdiere in die nou gange van die koolmyne gebruik kon word en hulle is in die 19de eeu in Engeland en Europa daarvoor gebruik. In sekere dele van die wêreld word hierdie perdjies selfs opgelei as gidse vir blindes of gestremdes. Hulle het ’n natuurlike instink om mense uit gevaar te lei en hulle raak nie gespanne as hulle tussen baie mense of ’n geraas is nie. Daarby kan hulle baie goed sien – in daglig of in die donker. Hul oë aan die kant van hul kop maak dat hulle bykans 350 grade visie het. Dis waarom hulle sulke goeie gidsdiere is.

3 Daar is streng vereistes as jy met miniatuurperdjies wil teel of boer. Elke teler *(breeder)* het twee belangrike dinge om in gedagte te hou met sy boerdery. Dit is eerstens om miniatuurperdjies te teel wat maklik hanteerbaar en liefdevol is. Tweedens moet hierdie perdjies skaalmodelle van hul groter broers wees. Met ander woorde, só ’n perdjie moet die presiese beenstruktuur en liggaamsbou van ’n groot perd hê.

4 Daar is ooreenkomste, maar ook verskille tussen ’n miniatuurperdjie en ’n gewone perd. ’n Miniatuurperdmerrie is – net soos ’n groot perd – 11 maande dragtig *(pregnant).* ’n Miniatuurperdjie kan ook gery word of voor ’n karretjie ingespan word, net soos ’n groot perd. Groot perde word selde ouer as 30 jaar terwyl miniatuurperdjies maklik 9 jaar langer kan leef. Hulle het ook minder plek nodig omdat hulle selde meer as 80 kg weeg en hulle eet minder as die groot perde.

5 Ezelle Marais van Gallantskloof buite Kookhuis het van hierdie miniatuurperdjies. Sy het haar hart heeltemal op hulle verloor. Haar merries *(female horse)* waarmee sy teel, is nie groter as 95 cm nie en die hingste is nie groter as 90 cm nie. Die klein vulletjies *(baby horse)* staan 37 cm hoog as hulle gebore word. Sy beskryf hulle as

rustig en van nature nuuskierig en spelerig. Sy sê: "Ons hanteer ons klein vulletjies baie en speel graag met hulle om seker te maak dat hulle gewoond raak aan mense en hulle goed gedra as daar kinders is."

Nou toe, hier is vir jou 'n geleentheid! As jy nog altyd 'n perd wou hê, kan jy nou vir jou 'n miniatuurperdjie aanskaf. Hulle is sommer pure perd!

[Verwerk uit: Die Burger, 8 September 2015]

1.1 Kyk na die titel en sê waaroor hierdie artikel handel. (1)

1.2 Dink jy die woorde "pure perd" word letterlik of figuurlik bedoel. Gebruik 'n woordeboek indien nodig.

1.3 Waarom het die vroegste miniatuurperd-eienaars met miniatuurperdjies geteel? (1)

1.4 *Net soos in Frankryk het Suid-Afrika reeds in die 14de eeu miniatuurperdjies gehad.* Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. Haal net EEN 'n sin aan. (1)

1.5 Watter eienskap van miniatuurperdjies maak hulle baie geskik om:

1.5.1 in die nou gange van koolmyne te werk? (1)

1.5.2 troeteldiere vir kinders te wees? (1)

1.6 Watter TWEE belangrike dinge moet miniatuurperd-telers onthou? (2)

1.7 Waarna verwys die woorde "groter broers" in paragraaf 3? (1)

1.8 Waarom, dink jy, teel Ezelle Marais nie met merries wat groter as 95 cm is en hingste wat groter as 90cm is nie? (1)

1.9 Noem TWEE ooreenkomste tussen 'n miniatuurperdjie en 'n gewone perd. (2)

1.11 Wat beteken dit as Ezelle Marais sê "sy het haar hart heeltemal op hulle verloor"? (1)

1.12 Kies uit KOLOM B die subopskrif wat die beste by die paragraafnommer in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer, bv. 1.12 G

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | Paragraaf 1 | A | Kom ons vergelyk |
| 1.12.2 | Paragraaf 2 | B | So maak ons hulle groot |
| 1.12.3 | Paragraaf 3 | C | Hulle oorsprong |
| 1.12.4 | Paragraaf 4 | D | Gebruike |
| 1.12.5 | Paragraaf 5 | E | Hier's jou kans |
| | | F | Ken jou reëls |

(5)

1.13 Waarom sal 'n blinde persoon 'n miniatuurperdjie bo 'n gidshond verkies? Dink aan TWEE redes. (2)

1.14 Die doel van hierdie artikel is om lesers in te lig. Wat kon die skrywer dalk nog geskryf het oor hierdie onderwerp? (1)

1.15 Watter waarde het die foto's in hierdie artikel? (1)

*Hierdie bladsy mag gekopieeer word.*